NOORDELIKE SINODE NUUSBRIEF verskil

Ek wil asb **inteken op Verskil** / **Kanselleer asb my intekening** op Verskil

- **Webblad**: http://www.noordsin.co.za
- **Facebook**: https://www.facebook.com/noordsin/
- **Kampterreine**:
  - **Badseloop**: *Vir besprekings, kontak **Franscois Genis**, 071 777 9302, epos badseloopjeugkamp@gmail.com*
  - **Emmarentia Geldenhuys (AcaDeo)**: *nuwe webwerf:* www.egst.co.za
  - **Magaliesberg:** *Besprekings word nou hanteer deur: Anvie Ventures, info@anvieventures.co.za, 044 696 6585*
  - *Facebook byhttps://www.facebook.com/magaliesbergjeugkamp/*

03 Mei 2019
Nr 14/2019

Sinodenuus

Bybellees met 'n verskil

Die **volgende byeenkoms** vind om 11:00 by **Blue Crane Restaurant** plaas:
➢ ***7 Mei*** Skriflesing: **Openbaring 7:9-17**
Navrae: Fanie Cronje (083 415 1452) en Kobus Myburgh (083 227 7185)

Hulp aan Mosambiek: Hulpverleningsprogram *IRM Project Nova Vida* (projek nuwe lewe) - Lees die volledige brief hier .

Excelsus kursusse

Neem asseblief kennis van die **VBO-kursusse** wat in die 2de kwartaal aangebied word: [**Kliek hier** **vir die volledige inligting**…] - **Navrae**: *Sentrum vir bedieningsontwikkeling* UP, by 012-420 6738 of excelsus@up.ac.za.

6-7 Mei: *Die jaar van God se genade. 'n Reeks liturgiewerkswinkels aan die hand van die kerklike jaar. Werkswinkel 2: Op aarde net soos in die hemel. Koninkrykstyd.* [25 VBO-punte] - **Inskrywingsvorm** - sperdatum *2 Mei.*
21-22 Mei: *"Al die nasies tot die einde van die aarde". Herontdek die Bybel se missionale stem. Module 2: Lig vir die nasies. Die Ou Testament se missionale stem.* [25 VBO-punte]

Taakspan Leierskap: Oggendseminaar oor leierskapsontwikkeling

Datum: ***28 Augustus*** *[Dagboek hierdie datum!]*

Kolleganuus

Innige simpatie

Frikkie (HF) Olivier [Emeritus en lidmaat van Waterberg] is onlangs oorlede.
Abraham van Zyl (Emeritus en leraar van o.a. Môregloed, Voortrekkerhoogte, Capital Park en Ebenhaeser) se eggenote **Isabel**, is Vrydag 26 April oorlede.

Beroep

Antje du Plessis is as **tentmaker** beroep na Brits.

❖ **Verjaarsdagwense:** *Hartlik geluk aan die volgende persone:*

06/05 *Willem Nicol* [Emeritus, wnicol@mweb.co.za, 083 966 7831]
Willie van Wyk [Emeritus, marietjie@mypostman.co.za, 072 907 3677]
08/05 *Louis Lemmer* [Magalieskruin, louis@lemmer.africa, 082 929 0244]
10/05 *Jan Pretorius* [Louis Trichardt, janpretorius@stadopdieberg.co.za, 079 881 9673]
11/05 *JGM Coertze* [Emeritus, 082 298 8161]
12/05 *JE Potgieter* [Emeritus, cjpn1@mweb.co.za, 082 473 1556]
****
08/05 *Lien Els* [Marikana, elsgert@gmail.com, 082 425 5672]
Mari Laas [Waverley-Oos, joekie@ngwaverleyoos.co.za, 012-332 0923]
Maryke van Wyngaard [Pretoria, cobus.w@gmail.com, 084 600 0728]
10/05 *Jeannett de Wet* [Doornpoort, gpmeiring@gmail.com, 076 421 7910]
Lamont Massyn [Rustenburg-Moeder; zeldamassyn@thevohf.com, 014 592 9976]
11/05 *Elsie J van Rensburg* [Jan Niemandpark, danievr@lantic.net, 012 800 2824]
Marietha Ueckermann [Nylstroom-Oos, danie@ngoos.co.za, 014 717 5427]
12/05 *Annelize Endres* [Wonderpark, etendres@intekom.co.za, 012 549 5165]
Stern Smit [Tuinrand, dinismit100@gmail.com, 072 321 0131]

Gemeentenuus

❖ **Verjaarsdae**: *Baie geluk!*

Vaalwater [Gestig 06/05/1930]
Soekmekaar [Gestig 12/05/1917]

❖ **Florauna: Verandering van kontakbesonderhede**

Neem asseblief kennis dat die gemeente se Kerkkantoor vanaf 1 Mei 2019 glad nie meer oor 'n Telkom telefoonlyn sal beskik nie. Die kantoorpersoneel kan slegs tydens kantoor-ure op hul onderskeie selfoonnommers bereik word. Whatsapp kan nie as 'n kanaal vir amptelike kommunikasie gebruik word nie.

- **Algemene Administrasie (Lucette Labuschagne): 067 159 0245 -** E-pos: admin@ngkflorauna.co.za
  (Algemene navrae, Attestate, Fluoressent, Voorbidding en verjaardae, dope, dagboek van die Kerk en geboue)
- **Leraars se sekretaresse (Zita de Lange): 067 159 4651 -** E-pos: sekretaresse@ngkflorauna.co.za
  (Afsprake by Leraars, huwelike, begrafnisreëlings)
- **Saakgelastigde (Wanda Pieters): 067 136 7585 -** E-pos: kantoor@ngkflorauna.co.za
  (Kantoorbestuur, finansies)

❖ **Sanddrift: Bosveld Vleis en Veteraan Motors Fees**

Die gemeente nooi alle belangstellendes uit na ons Bosveld Vleis en Veteraan Motors Fees op Saterdag ***4 Mei*** 2019 vanaf 09:00. Vleis teen bekostigbare pryse (9 beeste, 3 skape 5 varke, wild - wors, kaasworsies, salami, droë wors, biltong,en kabanosies), kosstalletjies, verskeie uitstallers en 'n reuse veiling. 40 Veteraan motors word uitgestal saam met Isuzu, Ford en Toyota. Boeresport sluit in bokdrolspoeg, sweepslaan, sakresies en nog meer. 'n Hondeskou word aangebied (maw bring jou troeteldier saam). Kinders word vermaak terwyl die ouers lekker kan kuier. Kom geniet 'n heerlike dag in die Bosveld. Sanddrift NG, 25km uit Brits op die R511 Thabazimbi pad.

- Skakel 0827139307 vir enige navrae.

❖ **Overkruin**: **Werkswinkel - My kinders het geëmigreer – wat nou?**

Dr **Petrus Moolman** (emeritus leraar) skryf soos volg: "Die emigrasie van kinders na die buiteland is 'n uniek Suid-Afrikaanse uitdaging aan ouers – veral ook ouerwordende ouers. Navorsing wys op die baie ernstige emosionele effek wat dié verlies op ouerwordende persone laat.

- *Op Saterdag **11 Mei** tussen 09:00 en 12:00 bied ons 'n werkwinkel aan waartydens 'n kenner, **dr Sulette Ferreira** ('n maatskaplike werker in privaatpraktyk wat spesialiseer in die verwerking van verlies) ons gaan inlig oor haar resente navorsing in dié verband. Sy het al by meer as een buitelandse kongres oor dié onderwerp gepraat.*

Ons poog om in 'n werkswinkelklimaat persone wat hierdeur geraak word, geleentheid te gee om saam na maniere te soek waarop hulle die verlies aan hulle kinders en kleinkinders (en ander familie en vriende) kan hanteer.

- Bywoning is gratis!"

❖ **Groenkloof**: **Ontbyt met Brand Pretorius**

Onderwerp: Bemagtigende leierskap
Datum: ***11 Mei*** om 09:00
Waar: *Hatfield Christian Church* [January Masilela rylaan 551, Waterkloof Glen]
Koste: R250 (Ontbyt ingesluit)
Vir meer inligting: www.nggroenkloof.net.
Vir kaartjies: 082 446 0351

❖ **Tuinrand: Mini-Basaar**
Waar: H/v Louise- en Diamondstraat, Claremont Pretoria.
Wanneer: Vrydag ***24 Mei***, vanaf 16:00 tot laat.
Kom en ondersteun hulle met hul sakpas pryse wat heerlike gebak, nageregte, hamburgers, pannekoek, jaffels, kerrie en rys, koeldrank, koffie/tee en 'n Wit Olifant-tafel insluit.
Navrae: Hanli Neuhuber, 012-379 2268.

❖ **Brits: Dames/Mansoggend**
Droom en floreer saam met Philip en Lurianne Moolman
Datum: ***6 Julie*** – 09:30 vir 10:00
Waar: NG Brits
Koste: R150 [ontbyt ingesluit]
Bespreek: 012-252 1160 / ngbrits@mweb.co.za.

❖ **Daspoort: Expo – *6 Julie***
Gemeentes word uitgenooi om die dag saam te kom geniet en te kom meeding aan die volleyball uitdaging. Die kategorieë waaronder die spanne kan inskryf is *mans*, *dames* en *gemeng*. 6 Spelers per span en die gemengde spanne moet uit 3 dames en 3 mans bestaan.
Die **inskrywingsgelde** beloop R40 per speler, m.a.w. R240.00 per span.

Die **sluitingsdatum** vir inskrywings is ***10 Junie.*** **Bevestig die spanne** asseblief met *Deon Kruger* per e-pos of WhatsApp [0825697765 / deon.kruger@daimler.com].

Ander nuus

❖ **Nuusbriewe**
Bybel-Media
Lees in dié week se nuusbrief meer oor die jongste **Kerkbode** (3 Mei), en die **nuutste Bybelkor-publikasie:** *Gekies! 1 & 2 Timoteus en Titus – Uit die tronk skryf Paulus vir Timoteus en Titus*. [**Kliek hier**].
Pinksterhulpmiddel van Bybel-Media - Bybel-Media se *kleurmeditasies vir pinkster* is die ideale hulpmiddel vir diegene wat Pinkster 'n tyd van vernuwing wil maak. Dit bevat geloofsgedagtes deur Lisel Joubert met handgetekende gebedsprente deur Nico Simpson. Die geloofsgedagtes in hierdie boek fokus op Hemelvaart, Pinkster en die werk van die Heilige Gees in ons lewe, die kerk en die skepping. Dit vertel weer die storie van God se Gees wat skep en heelmaak, wat lewe gee en groei laat opbloei, wat diep verandering bewerk en wysheid skenk.

- Hierdie publikasie is aanlyn beskikbaar of stuur 'n e-pos aan bestel@bmedia.co.za.

Inligting, Navrae en Diensverskaffing:
• Skakel 0860 26 33 42 óf 021 864 8210
• Of stuur jou bestelling per e-pos na: bestel@bmedia.co.za
• Of koop met jou kredietkaart op die webtuiste: www.bybelmedia.org.za, klik dan op winkel, óf tik die produknaam in.

❖ **Stabilis: Werkswinkel - Workshop for Christian Counsellors, Youth Workers and Volunteers on the Spiritual Support of Children facing Illness, Pain and Suffering** [**Besoek http://peprogram.co.za/pep-talks/7-june-2019 vir volledige inligting en registrasie**.]
Datum: Vrydag ***7 Junie*** (8:00-13:30)
Waar: Stabilis, Haarhoffstraat-Oos 1229, Môregloed Pretoria.
Koste: R450 per persoon
Aanbieders: *Dr Annemarie Oberholzer* (PEProgram) en *dr Michiel vd Merwe* (Stabilis)
VBO punte: 4

❖ **HospiVision**: **3rd Biennial Conference on Spirituality and Healthcare**
Elizabeth Kùbler-Ross said: "We are here to heal one another and ourselves. Not healing as in physical recovery, but a much deeper healing. The healing of our spirits, our souls".
When: *Cape Town:* ***16-17 May*** (venue Bellville). *Pretoria*: ***23-24 May*** (venue Monument Park).
Cost for attendance for both days: R1200-00
Cost for attendance for one day only: R700-00
CPD Points: Approved: CPSC 12; VBO 15 / Applied: SACSSP 12
Enquiries:
Cape Town: Wanda de Jager wanda@hospivision.org.za / 021 931 0311
Pretoria: June Kriel friend@hospivision.org.za / 012 329 9492
- For more information and to register please follow this link.

Gebedslys

Hiermee ***'n vriendelike uitnodiging aan ons lesers*** *om enige* ***sake vir voorbidding*** *aan ons te stuur by hermien@noordsin.co.za.*

- Nasionale verkiesing (***8 Mei***).
- 'n Goeie werk vir elke Suid-Afrikaner (Arbeidsondag ***5 Mei***).

Proponente en ander vakatures

❖ **Raslouw**: **Vakature – Voltydse medeleraar gefokus op jeugbediening**
Die gemeente is geleë op die grens van Wierdapark en Raslouw in Centurion. Hulle het ongeveer 2 400 lidmate met 'n gemiddelde ouderdom van so 49 jaar waarvan ongeveer 600 lidmate jonger as 25 is. Die medeleraarspos sal aanvanklik veral fokus op die totale jeugbediening met die moontlikheid om dit daarna uit te brei wanneer een van ons leraars vroeg in 2020 emeriteer.
Sluitingsdatum vir aansoeke is *16 Mei*. **Diensaanvaarding**: ***1 Julie***. [Lees die inligting **hier**...]

❖ **UP Fakulteit Teologie**:

★ **Gelegitimeerde proponente 2016**
Eddie Brown [082 305 3972, malmaneddie@gmail.com]
Berenice Esterhuyzen [072 794 5928, aesterhuyzen@clinix.co.za]

★ **Gelegitimeerde proponente 2017**
Jeanri Bezuidenhout [074 893 2836, jeanri.bez@gmail.com]

★ **Gelegitimeerde proponent 2018**
Freddie de Lange [071 483 8798, freddiedelange@yahoo.com]
Marthiens Heymans [heymarthiens@gmail.com]
Chris Jacobs [076 793 0233, chrisfjacobs@gmail.com]
Nienke Kemm [079 515 4156, Nienke.kemm@gmail.com]
Erick Mulder [076 253 5825, mulder.erick@gmail.com]
Charlotte Sibanyoni [081 522 7714, charlottesibanyoni@gmail.com]
Hendrik Smal [076 143 9559, smalhendrik@gmail.com]
Natalie-Ann van Deventer [076 187 7249, natsvd8@gmail.com]

❖ **Ander gelegitimeerdes wat beskikbaar is om eredienste te lei**
Gerhard Bothma *[082 412 3479, gerhard@drgerhardbothma.co.za]*
Jan Cloete *[083 232 8708, jancloete26@telkomsa.net]*
Ernst Muller *[082-656-1107, gaius117@gmail.com]*
Bertus Olivier *[082 224 6242, oli4@axxess.co.za]*
Ockie Raubenheimer *[076 155 0929, raubenheimer.ockie@gmail.com - Ook beskikbaar vir aflos gemeentebediening]*
André Smuts *[072 148 6718, sasmuts@gmail.com]*
Lizette Viviers *[082 451 4049, lizetviviers@gmail.com]*

Ten slotte

Lees, *gee jou verbeelding vlerke!*

BYLAES

NG RASLOUW

VAKATURE: VOLTYDSE MEDELERAAR GEFOKUS OP JEUGBEDIENING

Raslouw NG Gemeente is geleë op die grens van Wierdapark en Raslouw in Centurion. Ons het ongeveer 2 400 lidmate met 'n gemiddelde ouderdom van so 49 jaar waarvan ongeveer 600 lidmate jonger as 25 is. Die medeleraarspos sal aanvanklik veral fokus op die totale jeugbediening met die moontlikheid om dit daarna uit te brei wanneer een van ons leraars vroeg in 2020 emeriteer.

Ons is op soek na:

- 'n Gelegitimeerde met algemene gemeentelike bedieningsondervinding en veral ervaring wat gerig is op die jeug ('n minimum van 3 tot 5 jaar ervaring is 'n vereiste);
- Iemand wat deur sy/haar lewende verhouding met die Here Jesus Christus oortuig is van die roeping deur die Heilige Gees met die fokus op Jeugbediening;
- 'n Dinamiese persoon met sterk leierseienskappe en 'n besliste doelgerigtheid wat op alle vlakke goed kan kommunikeer en oor sterk organisatoriese vermoëns beskik;
- Iemand wat leiding kan neem met die musiekbediening sal 'n pluspunt wees.

Die pligte van die pos sluit in:

- Uitvoering van die pligte soos omskryf in Artikel 9 van die Kerkorde veral gerig op die jeug;
- Strategiese beplanning, koördinering en uitvoering met betrekking tot die totale jeugbediening in samewerking met die leraarspan en Kerkraad;
- Mede verantwoordelik saam met ander leraars vir gewone huisbesoek (50 besoekpunte per jaar gefokus op gesinsbediening);
- Skakeling met ander gemeentes en omliggende skole asook die sinode rakende jeug aktiwiteite;
- Koördinering en aanbied van eredienste (hoofsaaklik aande in skoolkwartale) gerig op die senior jeug en ander jeuggerigte geleenthede in oorleg met BK;
- Jeugprojekte, uitreike, jeugfeeste en gemeenskapsprojekte vir die totale jeug in samewerking met die Jeugbediening.

Vergoeding

Vergoeding word bepaal op:

Kontantpakket van R400 000-00 per jaar wat die volgende insluit: traktement, reistoelae, medies, pensioen, kommunikasietoelaes en 'n jaarlikse behuisingsubsidie van R96 000-00 per jaar wat huur/verbandpaaiement en munisipale dienste insluit.

Die moontlikheid bestaan dat die posinhoud na 'n jaar heronderhandel kan word met die gepaardgaande vergoedingsaanpassing.

Aansoeke

Belangstellendes kan hulle CV met 'n kort motivering vir die aansoek, stuur aan:
Die Voorsitter: Bestuurskomitee
Ned Geref. Gemeente Raslouw
Posbus 51470
Wierdapark
0149
(CV kan ook elektronies na raslouw3@mweb.co.za gestuur word)

Navrae:

Rig enige navrae aan die Voorsitter Bestuurskomitee: Ds Dewyk Ungerer (epos: dewyku@iafrica.com en sel 082 572 6463)

Sluitingsdatum: 16 Mei 2019

Diensaanvaarding: 1 Julie 2019 of so spoedig daarna.

Proviso

Die Kerkraad behou hom die reg voor om nie 'n aanstelling te maak nie

Terug

Hulp aan Mosambiek

IRM Project Nova Vida (projek nuwe lewe)

10 April 2019

Tans is daar heelwat navraag oor die wyse waarop ‘n bydrae gelewer kan word om die nagevolge van sikloon Idai in Mosambiek aan te spreek. Meer as een van die NG Kerk se sinodes het lang verbintenisse met kerke en gemeenskappe in Mosambiek.

Tydens die laaste ASM is daar op ‘n werkswyse besluit in die geval van rampe. ‘n Taakspan word aangewys vir ‘n ramp bestaande uit die algemene sekretaris, die voorsitter van ATFB, asook die moderator/voorsitter van die betrokke sinode. Hierdie span besluit op ‘n strategie. Die algemene sekretaris is verantwoordelik vir die kommunikasie met die media en die koördinering van die projek saam met die ander lede. In die geval van Mosambiek sal die bestuur van die rampfonds gedoen word deur die algemene sekretaris, ds Carl Louwrens - namens die Oostelike Sinode en ds Llewellyn Olivern. Die Oostelike Sinode sal verantwoordelikheid neem omrede dit logisties die beste geposisioneer is en talle gemeentes betrokke is met gemeenskappe wat erg deur die sikloon geraak is.

Ds Llewellyn Olivern - leraar van die *Igrecia Reformada em Moçambique* (IRM) Lewende Gemeente Maputo en Gabriel Chiboto, moderator van die IRM Novo Sinode het twee weke gelede die vloedgeteiserde gebied van Buzi en Beira besoek.

Tydens die *Novo Partnership* vergadering op Donderdag, 4 April het hulle terugvoer gegee van hul belewenisse. Die verhale wat hulle vertel kan geen mens onaangeraak laat nie. Eers was dit die wind wat dakke verwoes en bome omgewaai het, daarna het die vloedwater verdere skade aan paaie, geboue, landerye en oeste aangerig. Maande van voedsel- en watertekorte, asook siektes, lê vir baie mense en veral kinders voor. Toegang tot, en kontak met, afgeleë gemeenskappe word bemoeilik deur onbegaanbare paaie. Daar is groot probleme met elektrisiteitstoevoer, aangesien kragpale omgewaai het en dit lank gaan neem om te herstel. Water- en brandstofpompe is dus buite werking en dit impakteer negatief op hulpverlening.

Daar is ‘n dringende nood vir skoon water, kos, klere, medisyne, boumateriaal, diere en saad vir die volgende plantseisoen. Aangesien die vervoer van hierdie hulp bemoeilik word deur oorgrensprosedures, lang afstande en slegte paaie is dit tans die beste om hierdie middele sover moontlik in Mosambiek plaaslik aan te koop.

Die hulpverleningsprogram staan bekend as ***IRM Project Nova Vida*** (projek nuwe lewe).
Hulp deur die kerk is immers ‘n getuienis van Jesus se omgee vir mense in nood.

Die IRM Novo Sinode het van hulle kant af ‘n komitee van 6 lede aangewys wat die hulpverlening sal koördineer. Een van die lede sal altyd in Beira wees. Die kerk beskik oor die infrastruktuur om deur die plaaslike gemeentes behulpsaam te wees. Ses gemeentes, en heelwat meer wyke (prayer houses), is ernstig deur die vloed geraak

Finansiële hulp kan dus groot verligting bring vir meeste van die probleme wat nog voorlê in die maande wat kom en sal grootliks waardeer word

Bankbesonderhede indien u tot die noodfonds wil bydra:
Bank name: Standard Bank
Account holder: GREJA REFORMADA EM MOCAMBIQUE
Account number: 03 289 1776
Branch code: 051001
Reference: Idai relief
Proof of payment: pastor@vivamaputo.org

Indien gemeentes middele wil voorsien, kan hulle dit by Nelspruit Westergloed Gemeente afgee of direk by Ds Llewellyn Oliver se pastorie in Maputo besorg, vanwaar dit na die vloedgeteisterde gebied gestuur sal word.

Daar is ‘n skakel na dropbox:
https://www.dropbox.com/sh/c2u7kpudza1exwc/AAAz3ownHm7HLM8F93tbpghWa?dl=0
Dit is ‘n aanbieding van ds Llewellyn Olivern wat in Mosambiek werk in die IRM gemeentes wat erg deur die sikloon getref is.
Vir enige navrae kan met die algemene sekretaris, dr. Gustav Claassen, geskakel word by 082 856 1943, gustavc@ngkerk.org.za of ds Carl Louwrens 0829 237 452, crl@telkomsa.net

Groete

Gustav Claassen
ALGEMENE SEKRETARIS

Terug